DEEL 118 | WEEK 32 | 7 AUGUSTUS 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Sneeu in die lug? *Heilbron hou asem op*

"Is dit dalk tyd om die dik jasse af te stof ... en miskien selfs te begin droom van 'n sneeuman?" Heilbron sal vandag nog 'n sonnige wintersdag geniet met 'n maksimum van 23°C en 'n minimum van 5°C, maar die aangename weer gaan na verwagting nie lank hou nie. 'n Kragtige kouefront is op pad na Suid-Afrika en kan vroeg volgende week ysige toestande, reën en selfs die moontlikheid van sneeu na dele van die land bring.

Volgens die huidige weervoorspelling sal vandag se aangename winterweer plek maak vir 'n merkbare verandering wanneer die kouefront vanaf Sondag die land bereik. Teen Maandag en Dinsdag word aansienlik kouer toestande in Heilbron verwag, met maksimum temperature wat na onderskeidelik 15°C en 11°C kan daal. Reën word ook vir dié tydperk voorspel.

Volgens Vox Weather is dit egter nog te vroeg om 'n sneeuvoorspelling te bevestig. Die jongste weermodelle dui daarop dat 'n sterk kouefront, gevolg deur 'n afgesnyde laagdrukstelsel (cut-off low), toestande kan skep wat sneeu in dele van al nege provinsies moontlik maak.

Weerkundiges waarsku egter dat die verskillende weermodelle tans nog nie met mekaar ooreenstem nie. Selfs klein veranderinge in die stelsel se roete, temperatuur of voginhoud kan bepaal of 'n gebied sneeu, reën of glad geen neerslag ontvang nie. Om dié rede behoort die huidige voorspellings nie as 'n bevestigde sneeuvoorspelling beskou te word nie.

Die moontlikheid van sneeu laat baie inwoners terugdink aan Augustus 2012, toe Heilbron saam met talle ander dele van die land onder 'n ligte lagie sneeu wakker geword het. Vir baie inwoners bly dit 'n seldsame en onvergeetlike wintersoggend wat vandag nog onthou word.

Meteoroloë sal die ontwikkeling van die kouefront die komende dae fyn dophou, en die voorspelling kan nog verander namate die stelsel nader beweeg.

Sal Heilbron dus weer in wit wakker word? Die antwoord sal waarskynlik eers vroeg volgende week bekend wees. Tot dan sal inwoners die weervoorspellings – en die hemel – met afwagting dophou.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum




## Vrouedag: Die krag van vroue wat gemeenskappe bou

• ***Elmarie Els-Hammann***

Vrouedag is veel meer as net 'n openbare vakansiedag of 'n datum op die kalender. Dit is 'n dag waarop ons stilstaan om die buitengewone moed, deursettingsvermoë en opofferings van vroue te vier. Dit herinner ons aan die pad wat reeds gestap is om gelykheid te bevorder, maar ook aan die verantwoordelikheid wat ons almal dra om 'n toekoms te bou waarin elke vrou die geleentheid het om haar volle potensiaal te bereik.

Dwarsdeur ons gemeenskappe is dit vroue wat elke dag 'n verskil maak. Hulle is moeders wat hul kinders met liefde grootmaak, onderwysers wat jongmense inspireer, verpleegsters en versorgers wat hoop bring, entrepreneurs wat werk skep, boervroue wat bydra tot voedselsekerheid, en vrywilligers wat hul tyd opoffer om ander te help. Baie van hierdie bydraes gebeur stilweg, sonder erkenning, maar die impak daarvan is onmeetbaar.

Vroue is dikwels die eerste om ander se nood raak te sien en die laaste om moed op te gee. Hulle dra gesinne deur moeilike tye, ondersteun geliefdes, bou ondernemings uit die grond op en dien as rolmodelle vir die volgende geslag. Hulle wys daagliks dat ware krag nie net in groot prestasies lê nie, maar ook in die klein, liefdevolle dade wat lewens verander.

Tog weet ons dat baie vroue steeds daagliks uitdagings in die gesig staar. Geslagsgebaseerde geweld, diskriminasie, werkloosheid, ongelyke geleenthede en finansiële druk raak steeds duisende vroue. Daarom moet Vrouedag nie slegs 'n dag van viering wees nie, maar ook 'n dag van bewusmaking en optrede. Wanneer ons vroue beskerm, bemagtig en ondersteun, bou ons sterker gesinne, veiliger gemeenskappe en 'n meer voorspoedige land.

Ware bemagtiging begin wanneer meisies toegang het tot kwaliteit onderwys, wanneer vroue ekonomiese geleenthede kry om hulself te ontwikkel, wanneer hulle veilig voel in hul huise en werkplekke, en wanneer hul stemme gehoor en gerespekteer word. Elke mentor, elke opleidingsgeleentheid, elke suksesvolle vroue-onderneming en elke daad van ondersteuning dra by tot 'n beter toekoms vir almal.

Ons gemeenskap het 'n belangrike rol om te speel. Deur plaaslike vroue-ondernemings te ondersteun, jong meisies aan te moedig om groot te droom, mentorskap te bied en 'n kultuur van respek en gelykheid te bevorder, kan elke inwoner deel wees van positiewe verandering. Selfs eenvoudige woorde van waardering of 'n uitgestrekte hand van hulp kan iemand se lewe verander.

Hierdie Vrouedag wil ons hulde bring aan elke vrou wat, dikwels sonder applous, aanhou om lig te bring waar daar donkerte is; hoop te skep waar daar moedeloosheid is; en liefde te gee waar dit die nodigste is. Julle is die hart van ons gesinne, die dryfkrag van ons gemeenskappe en die inspirasie vir toekomstige geslagte.

Mag ons nie net vandag vroue vier nie, maar elke dag daarna. Mag ons saam werk aan 'n samelewing waar elke vrou veilig is, gerespekteer word, gelyke geleenthede ontvang en die vrymoedigheid het om haar drome na te jaag.

"Wanneer ons 'n vrou bemagtig, verander ons nie net een lewe nie – ons verander 'n gesin, 'n gemeenskap en uiteindelik 'n hele nasie."

Gelukkige Vrouedag aan elke vrou wat met moed, wysheid en liefde 'n verskil maak. Julle nalatenskap leef voort in elke lewe wat julle aanraak.

## UIT DIE PEN:

*Week 32*

Ek is nou al vir drie jaar besig om die Bybel deur te lees. Ek het 'n klomp kommentare wat ek gebruik. Ek lees dit nie net om die Bybel deurgelees te kry nie. Ek wil probeer verstaan en by die helde van die geloof leer.

Ek is tans aan die einde van 2 Konings. Israel het mos so gekerm dat hulle 'n koning wil hê. Iemand wie hulle fisies kan sien en na kan opkyk. So word Saul toe die eerste koning. Nie baie suksesvol nie, want hy het afgedwaal. Dan was daar Dawid en Salomo. Die ryk skeur, en toe volg die rits konings vir Juda en vir Israel.

En die een koning wou slegter wees as die ander.

Eergister het ek van Hiskia gelees. Hy was 'n goeie koning, ook met sy foute. Op 'n dag word Hiskia siek. Jesaja, die profeet, kom sê vir hom dat hy gaan doodgaan. Hiskia bid die volgende:

"Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in U oë."

Hiskia het nie God se arm gedraai nie. Hy het bloot gevra. Hiskia pleit by die Here, en Hy verleng sy lewe met 15 jaar.

Hiskia vra vir Jesaja watter teken daar sal wees dat sy lewe verleng sal word. Hiskia kon kies: moet die son 10 trappe vorentoe gaan of 10 trappe agtertoe? (Die Engelse Bybel noem dit "10 degrees".)

Hiskia vra toe dat die son 10 trappe agtertoe moes gaan. Dit het toe so gebeur. Hiskia kon die Here vra om die tyd te laat terugdraai.

Hoeveel keer wil ons dit nie ook doen nie? Om die tyd vas te vang of om dit terug te draai.

***Jim Croce sing:***

"If I could save time in a bottle, The first thing that I'd like to do
Is to save every day, 'Til eternity passes away."
But there never seems to be enough time
To do the things you want to do."

Ek kry onlangs 'n boodskap wat sê: "Daar is drie dinge in die lewe wat geld nie kan koop nie. 1. Tyd. 2. Liefde. 3. En drie avo's by Woolies." En dis die waarheid!

Hoe ouer ek word, hoe meer wonder ek oor die lewe, oor dood en oor tyd. Ek raak al hoe meer jaloers om my tyd te deel. Ek wil dinge doen wat my gaan bybly, goeters wat vir my van waarde is en ek wil dit saam met mense doen wat dit saam met my gaan geniet.

Selfsugtig? Moontlik. Self-beskermend? Presies.

Die gesig van 'n Grand Father's Clock het 'n inskripsie wat in Latyn lees "Tempus Fugit". Tyd vlieg. Ons wens soms die dae om, maar wanneer dit verby is, kyk ons terug en dink met verlange daaraan.

Toe ek klein was, het iemand vir my ma 'n verjaarsdagkaartjie van Helen Steiner Rice gegee. Dit was natuurlik in die dae voor selfone en e-posse. Helen Steiner Rice se kaatjies het gewoonlik lang gedigte bevat. In daardie dae het ons dit nog lang gedigte gelees. *My ma se kaartjie het gelees:*

*"As jy nog jong is, is die wêreld so groot.*
*Die tyd stap so stadig met voete van lood.*
*Maar jy sal nog vind, hoe ouer jy word*
*Hoe kleiner die wêreld en die dae krimp so kort.*
*Soek dan en vind in die dae van jou jeug*
*Die pad na die ewige lewe en die geheim van die ewige vreug."*

*Corny, sou die tieners sê*. Maar dit is presies wat met tyd gebeur wanneer jy ouer word.

Hiskia het die groot voorreg gehad om die tyd te laat terugdraai. Dit het daarna nog nie weer gebeur nie, dink ek. Ek sou nogal bly wees as ons dit ook so kon terugdraai, maar dis nie moontlik nie. Ek sou gesprekke waar ek nie heeltemal gemanierd was nie, weer wou oor hê. Hierdie keer sou ek my woorde beter kies. Ek sou oomblikke beter wou onthou, meer herinneringe maak. Ek sou meer wou liefhê en minder wou wroeg. Ek sou meer pret wou hê en minder om my rondkyk na ander.

Ek sou my seer baie beter wou hanteer. Ek sou meer daaroor wou praat sonder om skaam te voel of om blootgestel te voel.

Ons is altyd vinnig om te sê dat tyd wonde genees. Dis nie die waarheid nie. Tyd maak net dat ons leer om met ons wonde saam te leef.

In Hiskia se geval het die tyd gemaak dat hy 'n meer navolgingswaardige koning was. Tyd kom en tyd gaan. Al wat saakmaak, is hoe ons met die tyd omgaan.

Ek het hierdie week geleer dat tyd 'n kommoditeit is wat ons met groot omsigtigheid moet behandel. Dis iets wat deur jou vingers vloei, jy kan dit nie keer nie.

Tyd is peperduur en kan nie vervang word nie. Ons kan dit ook nie terugdraai nie. Ons moet dit nie omwens nie. Ons moet van elke geleentheid 'n okkasie maak, ons moet kies om met meer oorgawe te lewe.

Al het ons ook seergeky, al dra ons 'n wrok, al voel dit asof daar niks of niemand rondom ons is nie.

Die Here het vir Hiskia met die volgende geantwoord: "Ek het jou gebed verhoor. Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak en jy sal oormôre weer na die huis van die Here toe kan gaan."

Wat gaan jy maak as jy die tyd kan terugdraai?

# Vakante regeringserf word Rowerspelonk

Op Donderdag, 30 Junie 2026, is die bure van 'n onbewoonde regeringserf in Petrus Steyn ontwaak deur 'n gehammer en gekap. Mnr. Morena het die polisie om 6:22 in kennis gestel dat daar 'n inbraak in die proses is. Die Petrus Steyn polisie het egter eers 07:13 daar opgedaag. Mev. Debbie Pieterse het die verdagte op haar sekuriteitskamera opgemerk waar hy met drade en ander buit wegkom.

Die onbewoonde regeringserf is 'n groot sekuriteits risiko vir die inwoners van Petrus Steyn. Daar is al telke male ingebreek en dit word gebruik as 'n skuiling vir skelms. Dr Roy Jankielsohn, leier van die Demokratiese Alliansie in die Vrystaat, het in samewerking met Mev. Pieterse die erf gerapporteer aan die Departement van Openbare sake. Die Departement het bevestig dat die erwe wat onbewoon is gemerk is om in April 2027 opgeveil te word. Dr. Jankielsohn het gesê hy gaan egter weer die saak eskaleer om druk op die Departement te plaas om die proses te bespoedig, aangesien dit 'n veiligheidsrisiko is.

Kaptein van Eck, bevelvoerder van die Petrus Steyn Polisie, het gesê hy sal ondersoek instel na die trae reaksie op Donderdag 30 Julie. Hy het egter genoem dat die toename in huisbrake in Petrus Steyn 'n groot bekommernis is. Volgens Kapt. Van Eck is daar persone op parool vrygelaat, waarvan die polisie nog nie die lys van paroolvryes ontvang het nie. Hy is tans besig om daardie lys by Korrektiewe dienste te bekom sodat daardie persone deur die polisie se siftings- en nasporingsproses kan gaan.

Dit bly egter 'n groot kopseer vir die gemeenskap van Petrus Steyn dat gebrekkige regerings administrasie die hele gemeenskap in gevaar stel.





# Jagdrome bring geluk vir sewe wenners



Op die foto vl: Jacques van Rooyen, Abrie Watson, Ds Braam van Zyl en Thea Potgieter.

Vir baie Suid-Afrikaners is jag veel meer as net 'n sport – dit is 'n tradisie wat geslagte saambring, stories om die kampvuur skep en herinneringe laat voortleef. Van die opwinding van die eerste skoot tot die geur van vars biltong, bly 'n jaggeleentheid vir menige 'n ervaring wat lank onthou word.

Ná maande se afwagting is die wenners van die NG Kerk Moedergemeente Heilbron se gewilde Buffeljagkompetisie op Maandag 3 Augustus tydens 'n amptelike trekking aangekondig. Altesaam 646 lootjies is verkoop, maar slegs sewe gelukkige wenners kon uiteindelik met die gesogte pryse wegstap.

Die kompetisie het jagpryse ter waarde van ongeveer R250 000 aangebied. Die hoofprys was 'n buffelbuljag vir twee persone, terwyl ander pryse onder meer blouwildebees-, rooibok-, vlakvark-, blesbok- en springbokjagte, asook selfsorgverblyf, ingesluit het.

**Die gelukkige wenners is:**

- Dries du Plessis van Pretoria (oud-Heilbronner)
- Johannes Botes van Kemptonpark (oud-Heilbronner)
- Marina van Niekerk van Heilbron
- David Tabang van Sandton (Huntex)
- Jani de Lange van Springs (Huntex)
- Ferdi Visser van Pretoria (Huntex)
- Danie Scholtz van Hartbeespoort

Die trekking het op 3 Augustus onder die wakende oog van ds. Braam van Zyl, leraar van die gemeente, plaasgevind. Hy is bygestaan deur Abrie Watson (organiseerder), Jacques van Rooyen (organiseerder en hoofborg), Thea Potgieter (bemarker), Hendie Lötter van die Heilbron Herald, Herman Claasen (komiteelid) en Annari Combrink, skriba van die gemeente.

Organiseerders het hul opregte dank uitgespreek teenoor elke persoon wat 'n kaartjie gekoop of verkoop het. Volgens die gemeente maak hierdie ondersteuning dit moontlik om hul bediening en ander gemeentelike projekte voort te sit.

Spesiale waardering is ook uitgespreek teenoor die borge wat die projek moontlik gemaak het: African Frontier Safaris (Ellisras en Heilbron), Francolin Creek, Thys Els, Koos Engelbrecht, Connie van Niekerk en Heilbron Herald Office National.

Met die suksesvolle afhandeling van die trekking sluit die gemeente dié fondsinsamelingsprojek as 'n hoogtepunt van vanjaar se program af. Vir die sewe wenners wag daar nou onvergeetlike jagervarings – en, soos die organiseerders dit stel, mag die skote in die kol wees, die biltong lekker en die herinneringe onvergeetlik.




# Faith, Perseverance and Purpose:

## *Christian Author Receives Second Prestigious Award*

Award-winning Christian author Apostle Darryl Jaars continues to make his mark in the literary world after receiving his second major writing award in less than a year.


In December 2025, he was honoured with the Best Christian Male Author of the Year 2025 award by Nats Devine Connections, recognising his contribution to Christian literature and his commitment to sharing the Gospel through his writing.

Last Friday, he celebrated another milestone when he received the African Authors Award, further cementing his growing reputation as one of Africa's inspiring Christian authors.

Reflecting on his journey, Apostle Darryl shared an emotional message, saying that if he could speak to his younger self, he would simply say: "Hold on. Don't quit. Don't let the pain convince you that God has forgotten you." He added that the awards represent far more than personal success—they symbolise every battle he has overcome, every sacrifice made, every prayer his mother prayed, and God's unwavering faithfulness throughout his journey.

"For me, this isn't about recognition," he said. "Without God, this moment would never have existed. Jesus, this will always be Your victory before it is ever mine. To You belongs all the glory."

The two awards serve as a testament not only to Apostle Darryl's talent as an author but also to his steadfast faith, perseverance and dedication to inspiring others through his books and ministry.






# Meer as R8 van elke liter petrol gaan nié vir die brandstof self nie

Wanneer motoriste hul voertuie volmaak, betaal hulle vir veel meer as net petrol. Volgens die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne (DMPR) bestaan die pompprys uit die koste van die brandstof én 'n reeks heffings, belastings en verspreidingskoste.


Van 1 Julie 2026 beloop die algemene brandstofheffing 429 sent per liter (R4,29) vir petrol, terwyl die Padongelukkefonds (RAF)-heffing 225 sent per liter (R2,25) is. Saam beloop dié twee heffings reeds 654 sent, oftewel R6,54 per liter.

Daarby word 'n kleinhandelsmarge van sowat R3,15 per liter, 'n groothandelsmarge van ongeveer 66,5 sent, sekondêre berging (39 sent) en sekondêre verspreiding (19,1 sent) gevoeg, benewens ander kleiner heffings en sonedifferensiale. Dit beteken dat 'n aansienlike deel van die prys wat motoriste betaal, uit koste buiten die werklike brandstof bestaan.

Die oorblywende gedeelte van die pompprys is die Basiese Brandstofprys (BBP), wat die koste verteenwoordig om brandstof na Suid-Afrika in te voer. Hierdie bedrag word daagliks deur die Sentrale Energiefonds (CEF) bereken op grond van internasionale brandstofpryse en die rand/dollar-wisselkoers.

Die kleinhandelprys van petrol word elke eerste Woensdag van die maand aangepas. Omdat die berekening op die vorige maand se gemiddelde internasionale pryse gebaseer is, reageer plaaslike brandstofpryse nie onmiddellik op veranderinge in die wêreldmark nie.

Hoewel baie motoriste meen die olieprys alleen bepaal wat hulle by die pomp betaal, wys die DMPR se syfers dat belastings, heffings en verspreidingskoste 'n groot deel van die finale prys uitmaak. Elke styging in die internasionale olieprys of verswakking van die rand kan die Basiese Brandstofprys verder opstoot, wat uiteindelik ook die koste van voedsel, vervoer en ander noodsaaklike produkte beïnvloed.




# Hoërskool Heilbron eindig sewende by Noordvaal-toernooi

Hoërskool Heilbron se hokkiespan het die afgelope naweek 'n uitstekende vertoning gelewer tydens die Noordvaal-toernooi vir klein skole, waar hulle as die sewende beste span in die Noordvaal geëindig het.

Volgens die skool is die span 'n jong groep spelers wat oor groot potensiaal beskik en nog saam kan groei. Die sewende plek is 'n uitstekende prestasie en getuig van die spelers se harde werk, toewyding en deursettingsvermoë gedurende die seisoen.

Die skool het sy waardering uitgespreek teenoor elke speler vir hul onwrikbare spanwerk en toewyding. 'n Spesiale woord van dank is ook aan die ouers en ondersteuners gerig, wie se aanmoediging en ondersteuning 'n groot bydrae tot die span se sukses gelewer het.

Hoërskool Heilbron is trots op die prestasie en sien met opgewondenheid uit na wat hierdie belowende jongspan in die toekoms kan bereik.





VLEISSENTRAAL

**Vakature:**
**Junior Boekhouer**
**Ligging: Frankfort**

Ons is op soek na 'n gemotiveerde, noukeurige Junior Boekhouer om by ons finansiële span aan te sluit. Hierdie pos is ideaal vir iemand wat graag hul kennis en ervaring in rekeningkunde wil uitbrei en in 'n professionele werksomgewing wil ontwikkel.

**Verantwoordelikhede sluit in:**
- Uitvoer van bankrekonsiliasies.
- Handhawing van akkurate finansiële rekords.
- Voorbereiding en verwerking van joernaalinskrywings.
- Bystand met BTW-verwante take.
- Ondersteuning met maand- en jaareindprosesse.
- Instandhouding van finansiële dokumentasie en liassering.
- Algemene administratiewe pligte binne die finansiële afdeling.

**Minimum Vereistes:**
- Graad 12 (Matriek).
- 'n Sertifikaat of Diploma in Boekhouding, Rekeningkunde of Finansies sal voordelig wees.
- 1 tot 2 jaar se ondervinding in boekhouding of rekeningkunde sal voorkeur geniet.
- Kennis van SARS eFiling.
- Vaardigheid in Microsoft Excel, Word en Outlook.
- Ervaring met Intacct-rekeningkundige sagteware.
- Uitstekende aandag aan detail.
- Vermoë om onafhanklik sowel as in spanverband te werk.

'n Markverwante pakket ooreenkomstig die pos, wat ook pensioenvoordele insluit, word aangebied.

**E-pos 'n volledige CV na: tanjas@vleissentraal.co.za**
**Aansoeke vir hierdie posisie sluit op 21 Augustus 2026**

VLEISSENTRAAL

**Vakature:**
**Ontvangs persoon/Veilingsklerk**
**Ligging: Frankfort**

Opsoek na 'n jong dinamieke persoon wat onder druk kan funksioneer. Kandidate moet rekenaarvaardig, en in besit wees van 'n geldige rybewys.

**Verantwoordelikhede sluit in:**
- Skakelbord
- Algemene ontvangs pligte
- Hantering van rekeningkundige funksies tydens veilings.
- Afhandeling van veilings en ander take soos benodig.

'n Markverwante pakket ooreenkomstig die pos, wat ook pensioenvoordele insluit, word aangebied.


**E-pos 'n volledige CV na: tanjas@vleissentraal.co.za**
**Aansoeke vir hierdie posisie sluit op 21 Augustus 2026**


# KENNISGEWINGS

**AUCTION**
**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA**
**FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN**
**CASE No. 5282/2024**
In the matter between:
**NEDBANK LIMITED**
**(Reg No. 1951/000009/06)**
*Plaintiff*
And
**JOHANNES HERMANUS NEYCSHENS**
**Identity number: 760524 5134 084**
1st Defendant
**MADELEIN MARY-ANN NEYCSHENS**
**Identity number: 760829 0180 085**
*2nd Defendant*
**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**
In Pursuance of judgment granted 27/11/2025 in the High Court of South Africa and under a Writ of Execution issued thereafter, the immovable property listed hereunder will be sold in execution on **24 AUGUST 2026** at **13h15** pm at **THE MAGISTRATE'S COURT, ELS STREET, HEILBRON** to the highest bidder:
**CERTAIN:**
**ERF 556 ORANJEVILLE (EXTENSION 1), DISTRICT ORANJEVILLE, PROVINCE FREE STATE; IN EXTENT: 2138 (TWO THOUSAND ONE HUNDRED AND THIRTY EIGHT) SQUARE METRES, HELD BY DEED OF TRANSFER NUMBER T25791/2006,**
subject to the conditions therein contained.
IMPROVEMENTS: 1 RESIDENTIAL UNIT ZONED FOR RESIDENTIAL PURPOSES, CONSISTING OF: Double storey house on one side. 4x Bedrooms (1 bedroom on top of the double storey), 4x Bathrooms, Open plan dining room and kitchen (entertainment area), Double garage at the bottom and room on top, Small Swimming Pool, Corrugated Iron Roof, Brick walls Fence with brick walls
Property is situated at: 12 Strydom Street, Oranjeville (Extension 1).
THE SALE SHALL BE SUBJECT TO THE TERMS AND CONDITIONS OF THE HIGH COURT ACT AND THE RULES MADE THEREUNDER:
1. The sale in execution is conducted in accordance to the Consumer Protection Act 68 of 2008 as Amended, in pursuant of an order granted against the DEFENDANT for money owing to the PLAINTIFF.
2.1 The purchaser shall pay a deposit of 10% (ten per centum) of the purchase price in cash or by bank guaranteed cheque on the day of sale.
2.2 The balance shall be paid against transfer and shall be secured by a guarantee issued by a financial institution approved by the execution creditor or his or her attorney, and shall be furnished to the Sheriff within 21 days after the sale.
2.3 Should the purchaser receive possession of the property; the purchaser shall be liable for occupational rental at the rate of 1% of purchase price per month to date of transfer.
2.4 The full conditions of sale will be available for inspection at the SHERIFF'S OFFICE, 22 DE WET STREET, REITZ, during normal office hours.
**Take further notice that:**
This is a sale in execution persuant to a judgement obtained in the above court;
Rules of this auction is available 24 hours before the auction at the office of the SHERIFF ORANJEVILLE, 22 DE WET STREET, REITZ.
Registration as a buyer is a pre-requisite subject to conditions, inter alia:
3.1 directive of the Consumer Protection Act 68 of 2008 and Rules of Auction.
(URL http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961 )
3.2 Fica-legislation i.r.o identity & address particulars
3.3 payment of registration monies
3.4 registration conditions
The auction will be conducted by the Sheriff and auctioneer WF MINNIE.
All bidders are required to present their Identity document together with their proof of residence for FICA compliance.
All bidders are required to pay R5,000.00 (refundable) registration fee prior to the commencement of the auction in order to obtain a buyer's card.
Advertising costs at current publication tariffs & sale costs according court rules will apply.
Dated at Bloemfontein on this day of May 2026.
**EXECUTION CREDITOR'S ATTORNEY**
**J M M VERWEY**
**HILL, McHARDY & HERBST INC**
**7 COLLINS ROAD**
**ARBORETUM, BLOEMFONTEIN**
**(Ref: JMM VERWEY/zc/C22694)**

---

**KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING**
In die boedel van wyle
**PIETER JOHANNES DU PLOOY,**
Identiteitsnommer 280331 5021 08 4, wie 'n wewenaar was, wat woonagtig was te Huis Bron-van-Heil, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 29 Augustus 2023,
**BOEDEL NOMMER 009337/2023.**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON**
**9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**







# TE KOOP • TE KOOP

VOER TE KOOP
Kontak 083 688 8256

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.



# SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

**WINKELURE**
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
OFFICE HOURS
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

# Heilbron Rolbalklub nooi spelers na jaarlikse Vleisfees



Heilbron Rolbalklub se gewilde jaarlikse Vleisfees vind op 8 en 9 Augustus 2026 plaas en beloof weer 'n naweek van goeie rolbal, heerlike kos en gesellige kuier.

Die kompetisie word in 'n enige-vier-formaat aangebied, met 'n inskrywingsfooi van R2 400 per span, wat alle etes insluit. Die klub nooi rolbalspelers van oral om deel te neem aan dié gewilde jaarlikse byeenkoms, wat bekend is vir uitstekende gasvryheid en 'n vriendelike atmosfeer.

Die Vleisfees het reeds oor die jare 'n hoogtepunt op die plaaslike rolbalkalender geword.

Belangstellendes kan vir meer inligting of om in te skryf Edward Muller by 084 422 1122 of Bennie Steenkamp by 082 328 4998 kontak.

Die klub se boodskap aan almal is eenvoudig: Afrol is 9 uur.

R80 set of 4
CUSTOM
Glass Sublimation Coasters
Herald heraldgraphics2@heilbron.co.za 066 056 1606

Riemland Jagtersvereniging
HEILBRON

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
2026 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 15 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 12 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 3 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 6 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 1 Augustus 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Gariepdam gevlieg en die duiwe is om 07:45 gelos en die wen duif is om 12:31 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 420 kilometers. 9 Lede en 359 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 3
2. Inkwe Loft
3. Inkwe Loft
4. Inkwe Loft
5. Spartan Pigeons 3
6. Inkwe Loft
7. Spartan Pigeons 2
8. Du Plessis Hokke
9. Spartan Pigeons 3
10. Spartan Pigeons 3



*Op die foto is Willem Muller van Spartan Pigeons 3 met die wenduif nommer 81.*

HEILBRON HERALD
GHOLFDAG
ten bate van
HUIS BRON VAN HEIL
Heilbron Herald — As dit nie in die Herald is nie, is dit net 'n gerug.
ALLE OPBRENGS TEN BATE VAN DIE INWONERS VAN HUIS BRON VAN HEIL
Huis Bron van Heil bied, in samewerking met die Heilbron Herald, ons eerste Gholfdag aan.
Ons nooi besighede, verskaffers en die gemeenskap om saam 'n verskil te maak deur 'n span in te skryf, 'n putjie te borg, pryse te skenk of 'n kontantbydrae te maak.
Elke bydrae help ons inwoners.
VRYDAG 14 AUGUSTUS 2026
HEILBRON GHOLFKLUB
BEST DRIVE BETTERBALL (2-BAL BETTERBALL)
SHOTGUN-AFSLAAN: 10:00
INSKRYWING
INDIVIDUELE SPELER R350 PER SPELER
OF
4-BAL SPAN R1 400 PER 4-BAL
MIDDAGETE INGESLUIT
VEILING
Opwindende items word tydens die gholfdag opgeveil.
Skenkings is welkom!
Elke borg en donateur help ons om fondse in te samel vir die inwoners van Huis Bron van Heil, en dra by om van hierdie eerste gholfdag 'n jaarlikse tradisie te maak.
Saam maak ons 'n verskil!
BORG ONS GHOLFDAG
FUTJIEBORG
BORG 'N PRYS OF PRODUK
SPONSOR 'N SPAN
KONTANT-DONASIE
Kom speel saam, borg 'n putjie en maak 'n verskil!
Kom speel saam en help ons mik vir groter – vanjaar en elke jaar!
BESPREKINGS & NAVRAE: 082 940 0120 | 083 303 9090 | 083 269 9257 (JOHN)
Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning van Huis Bron van Heil.

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING
WESSENTRAL

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 10 AUGUSTUS 2026**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 11 AUGUSTUS 2026**
VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134
ANYSSPRUIT Kwartaallikse veiling
Kontak Boet-Jan van der Wath 072 626 9242
WAKKERSTROOM DISTRIK: MOOIBANK BEEFMASTERS
11:00, Langkloof plaas
Kontak Jannie Greyling 072 056 0140

**WOENSDAG - 12 AUGUSTUS 2026**
CLOCOLAN Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
NEWCASTLE/NORMANDIEN Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223
TUSSEN NIGEL & DELMAS: BLOEMENDAL BONSMARAS
11:00 plaas Nooitgedacht
Kontak Tielie Crawford 082 578 6241
WINBURG: ROTSWAND & MARATANA SIMBRAS, GASVERKOPER ZARISSA SIMBRAS
11:00, Winburg
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
MEMEL: BOSHOEK BOVERLDERS & MARITZ BOVELDER
11:00, Boshoek
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**DONDERDAG - 13 AUGUSTUS 2026**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
ROSENDAL Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DAVEL: HINZE & ODENDAAL SANTA GERTRUDIS & ODENDAAL BEEFMASTERS
11:00, The Bull Ring
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**VRYDAG - 14 AUGUSTUS 2026**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
THEUNISSEN: KANDYS BEEFMASTERS
11:00, Brakfontein
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za